

**Saterdag 30 Julie**

**Skrifgedeelte: Openbaring 20:7-15; HK Sondag 19, Antwoord 52**

**Fokusgedeelte: Openbaring 20:12**

### **Die boek van die lewe**

Hoe dit moontlik is om gered te word, al sal almal van ons op die oordeelsdag diep skuldig voor Christus staan, dui Johannes aan as hy ons ver-wys na 'n ander boek, die boek van die lewe, wat óók geopen is. Van hierdie boek sê hy: “As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi” (Op. 20:15; vgl. Op. 21:27).

Dit is vreeslike woorde vir dié wat verlore gaan, maar – hoewel negatief gestel – bied dit aan die gelowige die rykste troos. Wie is immers die mense wie se name wel in die boek van die lewe geskrywe is? Dit is nie dié wat sonder sonde is nie, want geen mens is sonder sonde nie. Nee, dit is hulle wat die verskriklikheid van hulle eie sondes, waarvan die boeke van hulle gewetens getuig, leer ken het en daarom hulle toevlug na Jesus Christus geneem het.

Ten diepste, dit weet ons, is dit God se uitverkiesing in Christus voor die grondlegging van die wêreld wat bepaal wie se name in die boek van die lewe geskryf is. Uit ondeurgrondelike liefde het God die name van sy kinders in daardie boek geskryf, en Christus het dit met sy soenverdienste daarin bevestig. Daarom moet alle eer daarvoor aan God gegee word (Ef. 1:3, 4).

Dit alles beteken nie dat ons persoonlike verantwoordelikheid vir al ons doen en late opgehef word nie. Dit bly ten volle gehandhaaf. Daarop word die aandag gevestig deur die boeke van ons gewetens wat aan die einde ooggemaak sal word. Omdat ons persoonlike verantwoordelikheid, ons roeping om in Christus te glo en volgens sy wil te lewe, gehandhaaf bly, sal dié wat verlore gaan, as hulle eenmaal voor die regterstoel van Christus die getuienis van hulle eie lewensboek sien en aanhoor, moet erken: Dat ek in die ewige verdoemenis ingaan, is my eie skuld (Luk 23:41).

So vestig die *boek van die lewe* en die boeke van ons gewetens die aandag daarop dat ook heel aan die einde van die geskiedenis die uitverkiesing van God en die mens se verantwoordelikheid beide gehandhaaf word. Hieruit blyk ook dat die uitverkiesing van God nie iets is waarvoor ons moet bang wees nie, maar iets wat ons moet laat juig en bly wees in die Here. Aan die 70 dissipels wat met verwondering vertel het dat selfs die duiwels aan hulle onderworpe was, het Christus gesê dat hulle nie soseer daarvoor bly moet wees nie as oor die feit dat hulle name in die hemel opgeskrywe is (Luk. 10:17-20).

Dit moet ook vir ons, net soos vir hulle, ons grootste vreugde en heerlikste troos wees. Daarom kan ons die oordeelsdag met vreugdevolle verwagting tegemoetgaan, want Hom wat ek as Regter uit die hemel verwag, is my Borg en my Redder.